Sondag **30 Junie**
**Skrifgedeelte: 1 Johannes 4:1-6**
**Fokusgedeelte: 1 Johannes 4:2 (AFR83)**
**Die Heilige Gees help ons om te onderskei tussen die Gees van die waarheid en die gees van die dwaalleer**

As geliefde kinders van God leef ons in die wêreld en daarom moet ons waaksaam wees teen allerhande gevare wat ons as gelowiges bedreig. Jesus waarsku in sy Profetiese Rede dat daar valse christusse en vals profete na vore sal kom om selfs die uitverkorenes te mislei (Matt. 24:24). In 1 Johannes 4:1 word ons as gelowiges opgeroep om nie enigeen te glo wat sê dat hy die Gees van God het nie.

Elkeen moet eers deeglik ondersoek word of sy gees van God afkomstig is. Om dit te toets, is daar ’n duidelike maatstaf. Dit is die belydenis dat Jesus werklik die Christus is wat mens geword het.

Daar was destyds ’n ene Serintus met sy volgelinge wat nie wou aanvaar dat Jesus, die Seun van God, waarlik mens geword het nie. Hulle het beweer dat Hy ’n skynliggaam op aarde gehad het. Daarom het Hy nie waarlik gesterf en waarlik uit die dood opgestaan nie! Die apostel Johannes verwys waarskynlik na die dwaling wanneer hy sê dat elkeen wat nie bely dat Jesus werklik die Christus is wat mens geword het, nie die Gees het wat van God afkomstig is nie.

Daar is niks nuuts onder die son nie! Daar is vandag dwaalleraars wat dieselfde leer verkondig en daarom moet ons deeglik ondersoek instel en onderskei tussen die Gees van die waarheid en die gees van die dwaalleer.

Ons kry ook die versekering dat ons aan God behoort en dat die valse profete klaar oorwin is. God wat in Christus by ons is, is groter as die duiwel en het die duiwel reeds oorwin. Daarby het ons die Gees van die waarheid, wat ons in die hele waarheid lei (Joh. 16:13) en in ons woon. Hy help ons om te onderskei (Joh. 14:26) tussen die Gees van die waarheid en die gees van die dwaalleer.

*Sing: Psalm 25-1:2*
*Ds. AL (Abri) Pelser (Bethlehem)*